# TER HELLE NEERGEDAAL

Rom 8:31-39

In die **Twaalf Artikels** van die christelike geloof bely ons dat ons glo in Jesus Christus *"wat ter helle neergedaal het"*. **Wat beteken dit?**
Die Heidelbergse Kategismus antwoord: *"Dit gaan om die Here Jesus Christus se onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding, maar veral aan die kruis, versink het ..."*

1. DIT VERWYS NA SY GANSE LYDING – VERAL AAN DIE KRUIS

Hy het ter helle neergedaal – in sy ganse lyding en veral aan die kruis!
**Die bedoeling** is dus **nie** "neergedaal" in die sin van: letterlik *af ondertoe*, onder die aarde in, in 'n plek waar vuur brand nie … Nee, die hel is 'n **toestand**, 'n toestand van *verskrikking*, van absolute *eensaamheid*, van totale *godverlatenheid*. Dis hel!
Dit vind op sy **beste uitdrukking** in die kruiswoord: *"Eli Eli lama sabagtani"* (Mt 27:46).

Die Here Jesus se lyding het **geleidelik opgebou** tot op hierdie punt: die **owerstes** het Hom verwerp, maar dit was nog verstaanbaar; **Pilatus** het Hom onskuldig oorgelewer; die **volk** het geskreeu *"kruisig Hom!";* die **soldate** het Hom gespot en gegésel; Sy **dissipels** kies die hasepad**; Petrus** verraai Hom; Sy **vriende** laat Hom in die steek...
En **God** verlaat Hom.
Dis die ERGSTE wat enigiemand kan oorkom!
DIS hel!

Waar God is, is **lig,** is daar *lewe*, is daar *hoop*. Waar God NIE is nie, word dit donker, verdwyn die hoop. Daarom word die hel ook die "**buitenste duisternis**" genoem. Dis 'n plek *sonder God* en *sonder hoop*.
**Rondom Jesus** het dit vir *drie uur donker* geword. Maar nie net rondom Hom nie, **ook binne-in** Hom, in Sy hart, in sy siel, in sy lewe het dit vir Hom **nag** geword. Alles was op 'n einde. Hy het Hom vasgeloop. En God, sy Vader met wie Hy een was, het Hom verlaat. Ons sal dit nooit kan **begryp nie**.
Jesus **vereenselwig** Hom met die digter van Ps 22 en skreeu met 'n harde stem: *"My God, my God, waarom het U my verlaat?"*
DIT is *"die onuitspreeklike benoudheid, smarte en verskrikking"* waarna die Kategismus verwys waarin Hy veral aan die kruis versink het.

Ons  sien dus: die *neerdaling ter helle* is **nie <u>nog 'n stappie</u>** wat volg op die begrafnis nie. Dis 'n **verduideliking** van wat *"gely, gekruisig, gesterf het en begrawe is"* beteken.  Soos **Calvyn** sê: Eers word die *sigbare* beskryf en dan die *onsigbare en onbegryplike* <u>agter</u> dit wat gesien kon word.

**Hoekom word hierdie artikel in die Twaalf Artikels opgeneem?**

2. DIT WAS TER WILLE VAN ONS EN ONS TROOS

Omdat dit **<u>ter wille van ons</u>** was. **Rom 8:32** a *"Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar <u>Hom oorgelewer om ons almal te red</u>."*  Soos die **nagmaalsformulier** dit ook stel: *Hy was van God verlate sodat <u>ons nooit weer</u> van Hom verlate sou wees nie.*
Dit beteken dat **wanneer ek voel** dat die hel in hierdie lewe losbreek, kan ek weet: God *hou* my nog *vas*, God is nog *daar*. As u **eensaam en verlate** voel, mag u glo: ek is *nie alleen* nie.
Daar **kan oomblikke** in enige mens se lewe kom dat hierdie jou **enigste troos** is: *dat Jesus ter helle neergedaal het* sodat ons mag weet: **God is altyd aanwesig; Hy is hier waar ons is… en niks kan ons van sy liefde skei nie!** Niks en niemand kan dit weer ongedaan maak of iets daaraan verander nie, ons uit Sy hand ruk nie.
<u>Dis die troos!</u> Dis ook wat Romeine 8 wil uitjubel! Omdat God selfs Sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgelewer het, mag ons weet, vas en seker weet: **Niks kan ons skei** van sy liefde nie! Nie nou meer nie!
Daar **kan erge goed** met ons gebeur en daar **gebeur** goed met kinders van die Here wat *verskriklik erg* is. Paulus maak 'n lysie van sulke moontlikhede - baie daarvan het hyself ervaar: *Swaarkry, probleme, vervolging, hongerpyne, 'n tekort aan klere, gevare, of dalk geweld* … enigiets. Dit is alles moontlikhede, maar die ERGSTE, om van God verlate te wees, kan jou en my as kinders van die Here nie meer tref nie. Ons is die hel gespaar. *"Letterlik niks in hierdie skepping kan ons ooit van God se liefde skei nie."* (Die Boodskap)
Daarom is daar vir ons in alle situasies **lig**, en in alle omstandighede **hoop**.
Want: Die Een wat by ons is, het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom vir ons almal oorgelewer. *"Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom skenk nie?"*

Amen.

Goeie Vrydag 2011